# SUVODA-PLATFORM GEBRUIKSVOORWAARDES

Daar is toegang aan u verleen tot Suvoda se Platform (die "Platform") as gevolg van jou deelname aan 'n kliniese proef (of as die sorggewer van 'n deelnemer in 'n kliniese proef), of omdat gemagtigde toegang aan jou toegestaan is deur 'n Suvoda klant ('n "Klant") ten einde sekere dienste namens 'n Klant te lewer, of om aanlyntoegang tot Suvoda se produkte en dienste te verskaf. Die Platform bestaan uit die produkte van Suvoda LLC, 'n maatskappy in die USA met sy korporatiewe domisilie by 181 Washington Street, Suite 100, Conshohocken, PA 19428, VSA, en sy Geaffilieerdes, (hierna gesamentlik na verwys as "Suvoda", "Greenphire", "ons", of "ons s'n"), insluitende maar nie beperk tot Suvoda se Interactive Response Technology [Interaktiewe responstegnologie] ("IRT"), eConsent [eToestemming], Scheduling [Skedulering], Greenphire Travel [Reis], Electronic Clinical Outcomes [Elektroniese kliniese uitkomste-assesserings] ("eCOA"), Greenphire Patient Payments [Pasiëntbetalings], Budgeting and Benchmarking [Begrotings en Maatstafstelling] en Site Payment Products [Werfbetalingspodukte] en verwante dienste (die "Dienste"). Met betrekking tot die Dienste mag jy ook toegang tot 'n toestel, SIM-kaart of ander hardeware ("Hardeware") verkry. Vir die doeleindes van hierdie Gebruiksvoorwaardes ("Voorwaardes") sal enige verwysing na die "Platform" Hardeware insluit, en verwysings na "Geaffilieerdes" sal verwys na enige korporasie of ander entiteit wat die aangewese party beheer, deur die aangewese party beheer word, of onder gemeenskaplike beheer met die aangewese party is.

Hierdie Voorwaardes beheer jou gebruik van die Platform en is wetlik van toepassing op jou (ook bekend as die "Gebruiker") en Suvoda. As jy nie toestem dat hierdie Voorwaardes bindend is nie, staak asseblief onmiddellik jou gebruik van die Platform. VERBREKING VAN HIERDIE VOORWAARDES MAG NEGATIEWE GEVOLGE INHOU, INSLUITENDE, SONDER BEPERKING, DAT ONS JOU TOEGANG TOT DIE PLATFORM SAL OPHEF EN/OF WAAR DIT VAN TOEPASSING IS SAL JOU GEBRUIK VAN DIE DEBIETKAART WAT AAN JOU VERSKAF IS MET BETREKKING TOT JOU DEELNAME AAN DIE KLINIESE PROEFGEDEAKTIVEER WORD.

**Deur hierdie Platform te gebruik aanvaar en stem jy daartoe in om deur hierdie Voorwaardes en ons Privaatheidskennisgewing hieronder gebind te word en dit na te kom.**

**HIERDIE VOORWAARDES BEVAT 'N ARBITRASIEKLOUSULE EN 'N AFSTANDDOENING VAN JOU REG OM 'N KLASAKSIE TEEN ONS IN TE STEL. MET DIE UITSONDERING VAN SEKERE TIPES GESKILLE WAT IN DIE ARBITRASIEKLOUSULE GEMELD WORD, JY EN SUVODA KOM OOREEN DAT ENIGE GESKIL TUSSEN JULLE DEUR VERPLIGTE, BINDENDE ARBITRASIE BESLEG SAL WORD EN DAT JY EN SUVODA AFSTAND DOEN VAN ENIGE REG OM JULLE GESKIL DEUR 'N HOF OF JURIE TE BESLEG, OF OM DEEL TE NEEM AAN 'N KLASAKSIEGEDING OF KLASWYE ARBITRASIE.**

1. **Toegang tot die Platform.** Suvoda verleen aan jou toegang tot 'n nie-eksklusiewe, nie-oordraagbare, nie-sublisensieerbare, herroepbare, beperkte lisensie waarby toegang tot en gebruik van die Platform verkry word, en tot die mate waar dit toepaslik is jy Dienste namens die Klant mag lewer. Jy bevestig dat die Platform deur 'n derdeparty wolk-diensverskaffer geherberg word (die "Herbergverskaffer"). Suvoda is nie verantwoordelik vir die Herbergverskaffer se handelinge of nalatings nie. 'n Verteenwoordigende, maar nie alles-omvattende lys waarvoor die Platform gebruik kan word sluit die volgende in: (a) jy word toegelaat om kwitansies vir terugbetaling in te dien; (b) debietkaartbalanse en historiese transaksies te besigtig; (c) fondse na jou bankrekening oor te dra; (d) diefstal of verlies van 'n debietkaart aan te meld; (e) rekeningstate te hersien; (f) waarskuwings te verskaf; (g) reisbestuursdienste aan te bied; (h) uitreiking-, ondersteunings- en opvoedkundige dienste te verskaf; (i) ingeligte toestemmingsdokumente te hersien en uit te voer; (j) opnames te voltooi; en (l) [sic] toegang te verkry tot kliniese proef-sagtewareprodukte en verwante Hardeware.
2. **Wysigings aan die Platform.** Ons behou die reg voor om van tyd tot tyd kenmerke of funksionaliteite van die Platform te verbeter, uit te brei, aan te pas of te staak (gesamentlik, "Wysigings").
3. **Sekuriteit.** Ons het voorsorgmaatreëls daargestel met die doel om die persoonlike inligting wat ons van jou insamel te beskerm teen verlies, wangebruik, ongemagtigde toegang, openbaarmaking, wysiging en vernietiging. Ons behou die reg voor om toegang tot die Platform op te hef in geval van 'n vermoedelike of werklike sekuriteitsbreuk. Geen sekuriteitstelsel is egter onfeilbaar nie. Ons sal nie aanspreeklik gehou word vir enige skade wat gely word weens ongemagtigde toegang as gevolg van jou handelinge of nalatings, of die van enige derdeparty nie.
4. **Derdepartybronne.** Die Platform mag jou toelaat om te koppel met derdeparty-sagteware, derdeparty-tegnologie en/of skakels verskaf na derdeparty-webwerwe, -inhoud of -bronne (gesamentlik, "Derdepartybronne"). Ons sal nie aanspreeklik gehou word vir die inhoud van enige Derdepartybronne of enige veranderings of bywerking van sodanige Derdepartybronne nie. Suvoda sal nie verantwoordelik of aanspreeklik gehou word vir enige skade of verliese wat veroorsaak word, of na bewering veroorsaak word deur of met betrekking tot jou gebruik van of afhanklikheidvan enige inhoud, goedere of dienste wat beskikbaar is op of deur enige Derdepartybron nie.
5. **Intellektuele Eiendom.** Die Platform en alle verbeterings, opgraderings, wysigings, aanpassings, afgeleide werke, algorismes, kompilasies, samevoegings, bron-kode en/of objek-kode, en kopieë daarvan, sowel as alle inligting, metodes, prosesse en alle intellektuele eiendom wat daarin

saamgevat is (gesamentlik die “Intellektuele Eiendom”) is en sal Suvoda se eiendom bly. Suvoda besit en sal die eksklusiewe reg en titel tot alle patente, kopiereg, handelsmerke, handelsgeheime en alle ander verwante intellektuele eiendomsregte in en op die Intellektuele Eiendom behou. Niks in hierdie Voorwaardes sal geïnterpreteer word as die oordrag van enige aspek van sodanige regte aan jou nie, met die uitsondering van jou beperkte reg tot toegang en gebruik van die Platform ooreenkomstig hierdie Voorwaardes. Suvoda besit die reg om patente, handelsmerke en kopiereg wat met die Platform verband hou by enige regeringsowerheid op enige plek ter wêreld te registreer. Om enige twyfel uit die weg te ruim, jy besit nie enige Hardeware of enige intellektuele eiendom daarin wat verband hou met die Platform nie. Jy sal redelike voorsorg tref om alle Hardeware te beskerm en dit in goeie werkende toestand terug te gee, soos voorgeskryf deur die farmaseutiese, biotegnologiese of mediese toestel-borgmaatskappy (die “Borg”) of die toepaslike kliniese proef of studie (die “Studie”) of die Borg se verteenwoordiger, normale slytasie is aanvaarbaar. Suvoda en/of Suvoda se lisensiegewers bly die uitsluitlike eienaar van alle regte, titels, en belang in die Dienste. Behalwe soos in hierdie Voorwaardes gemeld, staan Suvoda geen regte aan jou toe tot patente, kopiereg, handelsgeheime, handelsmerke of enige ander regte met betrekking tot die items in die Hardeware nie.

6. **Vertroulikheid.** Suvoda se Intellektuele Eiendom sowel as enige ander vertroulike of eie inligting wat met Suvoda en/of die Platform verband hou, (“Vertroulike Inligting”) is vertroulik en mag nie sonder Suvoda se uitdruklike, geskrewe toestemming aan enige derdepartye openbaar gemaak word nie. Jy sal die vertroulikheid van Vertroulike Inligting beskerm tot dieselfde mate as wat jy die vertroulikheid van jou soortgelyke eie en vertroulike inligting sou beskerm, maar geensins minder as ’n redelike mate van sorg ter beskerming van die Vertroulike Inligting nie. Indien jy deur die wet verplig word om die Vertroulike Inligting openbaar te maak, sal jy Suvoda vooraf in kennis stel van sodanige verpligte openbaarmaking (tot die mate wat wetlik toegelaat word) en van jou redelike ondersteuning, teen geen koste vir Suvoda nie, indien ons sou besluit om die openbaarmaking teen te staan. Jy sal alle Vertroulike Inligting teruggee of vernietig wanneer dit nie meer benodig word nie, of wanneer hierdie Voorwaardes beëindig word, watter geval ook al eerste plaasvind. Jou verpligtinge onder hierdie Afdeling 6 sal voortbestaan na die beëindiging van hierdie Voorwaardes.
7. **Gebruik van die Platform.** Jy mag die Platform slegs met betrekking tot die Dienste gebruik, en slegs in ooreenstemming met hierdie Voorwaardes en toepaslike wetgewing. Om alle twyfel uit die weg te ruim, jy stem toe tot die nakoming van alle toepaslike wette, Praktykkodes (soos hieronder gedefinieer) en alle instruksies of voorwaardes waarvan Suvoda of ’n toepaslike entiteit wat die Studie onderneem jou in kennis stel. “Praktykkodes” verwys na alle riglyne wat die gebruik of verskaffing van mobiele telekommunikasie en datadienste reguleer en wat deur enige algemeen-erkende liggame uitgereik is, of wat van tyd tot tyd deur Suvoda of sy derdepartyverskaffers aanvaar word. Alle fondse wat aan deelnemers in kliniese proewe (“Deelnemers”) uitgereik word moet in ooreenstemming met die toepaslike kliniese proef-ooreenkoms wees, vir werklike kliniese proef-verwante doeleindes of kontraktueel-goedgekeurde dienste waar die terugbetaling van Deelnemers wettig en toepaslik is en in ooreenstemming met die Platform se reëls is. Gebruikersname en wagwoorde mag nie oorgedra of deur meer as een persoon gedeel word nie. Jy moet kommersieel aanvaarbare pogings aanwend rakende die instandhouding van internet, hardeware, sagteware, en verwante sisteme wat dieselfde of hoër as die industrie se standaard vereistes is. Jy sal Suvoda sonder versuim in kennis stel van: (i) enige ongemagtigde toegang of gebruik; (ii) die verlies of diefstal van enige Gebruiker of Deelnemer se rekening of persoonlike inligting; of (iii) indien jy bewus word van enige oortreding van hierdie Voorwaardes deur enigiemand insluitende ander Gebruikers of Deelnemers. Deur die Platform te gebruik gee elke Gebruiker te kenne dat hy of sy ouer as 18 jaar is. Suvoda behou die reg voor om enige tegniese middele te gebruik om te bevestig dat gebruik van die Platform voldoen aan hierdie Voorwaardes,, en om enige ongemagtigde gebruik van die Platform te beëindig.
8. **Magtiging om die Werkgewer en Werknemer se gebruik van die Platform te bind.** Indien jy die Platform in jou hoedanigheid as werknemer of agent van ’n maatskappy, of enige ander wetlike entiteit gebruik waarborg jy dat jy gemagtig is om sodanige maatskappy, entiteit of enige toepaslike Geaffilieerdes wetlik te bind. Indien jy nie sodanige magtiging het nie moet jy nie hierdie Voorwaardes aanvaar nie en mag jy nie hierdie Platform op enige wyse hoegenaamd gebruik nie. Indien jy wel gemagtig is om sodanige maatskappy of entiteit wetlik te bind moet jy die verpligtinge waaraan die maatskappy of ander entiteit ingevolge hierdie Voorwaardes onderworpe is nakom wanneer jy die Platform gebruik.

   Indien jy die Platform in jou hoedanigheid as werknemer of verteenwoordiger van ’n maatskappy of enige ander wetlike entiteit gebruik, met betrekking tot Studie-onderwerpe, waar jy inligting via die Dienste verkry of dit wysig, gee jy te kenne en waarborg jy:

   - Jy het voldoende geskrewe toestemming verkry, of het bevestiging dat die Deelnemer of die Deelnemer se wetlik-goedgekeurde verteenwoordiger voldoende sodanige toestemming gegee het, van of met betrekking tot elke data-onderwerp wie se inligting jy in die Dienste insleutel vir die verwerking van sodanige inligting deur Suvoda, insluitende en sonder beperking, die oordrag van hierdie inligting buite die Europese Ekonomiese Gemeenskap, die Verenigde Koninkryk en Switserland.
   - Jy het geskrewe toestemming verkry vanaf elke data-onderwerp (of die data-onderwerp se sorggewer, waar toepaslik) wat e-pos of ander elektroniese kommunikasie rakende die Studie mag ontvang, geskrewe toestemming om sodanige boodskappe te ontvang in die formaat wat deur die Borg aan jou verskaf is; en
   - Jy sal ons sonder versuim in kennis stel, maar nie later as een (1) besigheidsdag nadat jy van sodanige feit kennis geneem het nie, van enige e-posadresse of ander kontakinligting waarheen boodskappe nie meer gestuur moet word nie, ongeag of (i) die beoogde ontvanger van die boodskap nie die gereelde gebruiker van die e-posadres is nie; (ii) die ontvanger van die boodskap op enige wyse aangedui het dat hulle nie langer gekontak wil word nie, of (iii) vir enige ander rede.

9. **Gebruik van Persoonlike Data.** Persoonlike Data (soos hieronder gedefinieer) mag van Gebruikers en/of Deelnemers gevra word as deel van die Platform-registrasieproses en die daaropvolgende gebruik daarvan. Afhangende van die Dienste wat verskaf word, ons mag Persoonlike Data insamel en verwerk ten einde aan finansiële instellings en diensverskaffers en/of Suvoda se Klante die vereiste inligting te verskaf om die Dienste te kan lewer (insluitende die Platform) en/of omdat ons wetlik verplig word om dit te doen, of soos andersins uiteengesit is in ons Privaatheidskennisgewing. Ons mag ook hierdie Persoonlike Data op enige wyse wat wetlik toegelaat word gebruik. Elke Gebruiker gee uitdruklike toestemming aan ons om die Persoonlike Data te gebruik vir die doeleindes wat in die Privaatheidskennisgewing uiteengesit is, insluitende sonder beperking, om hulle te kontak rakende Platform-verwante navrae, opnames, kliëntesorg en tegniese ondersteuning wat met die Dienste verband hou. "Persoonlike Data" is inligting wat jou op 'n unieke wyse identifiseer, wat met jou verband hou, jou beskryf of redelikergewys met jou geassosieer kan word of aan jou gekoppel is. Persoonlike Data sal in ooreenstemming met ons Privaatheidskennisgewing gehanteer word, waarby jy daartoe instem om daardeur gebind te word.
10. **Gesondheids- en Mediese Inligting.** In beperkte gevalle mag Persoonlike Data ook sekere beskermde gesondheidsinligting ("BGI") insluit. BGI mag deur ons gebruik word, insluitende en sonder beperking, vir die volgende doeleindes: (a) om die Platform te bedryf; (b) om relevante inligting aan die operateurs en administrateurs van jou kliniese proef te verskaf; (c) om betalings wat jou toekom te verwerk; of (d) soos toegelaat deur toepaslike wetgewing. Jy sal geen inligting of Deelnemersdata (soos hieronder gedefinieer) wat onmiddellike of dringende mediese aandag vereis via die Platform stuur nie. In so 'n geval sal jy 9-1-1 of jou gesondheidsorgverskaffer bel. Niks in die Platform word as plaasvervanger vir gepaste en tydige kontak met 'n gesondheidsorgverskaffer bedoel nie.
11. **Om Jou te Kontak.** Deur die Platform te gebruik magtig jy ons en ons Geaffilieerdes, agente, gevolmagtigdes en diensverskaffers (gesamentlik die "Boodskappartye") om jou en/of Ontvangers te kontak via outomatiese telefoonskakelplatforms, kunsmatige of vooraf-opgeneemde boodskapstelsels, teksboodskapstelsels en outomatiese e-posstelsels, bo en behalwe om jou via die Platform self te kontak ten einde enige en alle relevante inligting te verskaf. Die Boodskappartye is gemagtig om sodanige kontak te maak via enige telefoonnommers (insluitende draadlose, landlyn, VOIP-nommers (Voice over Internet Protocol [stem oor IP]), en tegnologie wat hierna ontwikkel mag word), of e-posadresse wat aan ons verskaf is. Deur die Platform te gebruik gee jy uitdruklike toestemming dat ons jou mag kontak vir die volgende doeleindes waar dit van toepassing is:
    1. Om jou te vra om aan opnames deel te neem (elk 'n "Opname").
    2. Om verskeie herinnerings te verskaf, insluitende om jou te herinner: (i) aan afsprake; (ii) aan relevante datums en aktiwiteite wat met jou deelname aan die kliniese proef verband hou; en (c) om jou toepaslike medikasie te neem.
    3. Om jou te vra om aan ander kliniese proewe (elk 'n "Ander Proef") deel te neem. Jy word onder geen verpligting geplaas om aan enige Ander Proef deel te neem ten einde toegang tot die Platform te hê en dit te kan gebruik nie.
    4. Om relevante toestemmings te verkry.
12. **Data-analise.** Jy magtig ons en ons Geaffilieerdes, agente, kontrakteurs, sake-vennote, diensverskaffers, opvolgers en gevolmagtigdes om enige maatstafstelling (benchmarking), transaksie of prestasie-inligting of enige ander data wat op die Platform ingesamel of daardeur gegenereer word, insluitende enige data wat jy aan ons verskaf of in die Platform insleutel, in te samel, te de-identifiseer, saam te voeg, te kompileer, analiseer en/of te gebruik (gesamentlik, "Analitiese Data"). Ons mag die Analitiese Data na eie goeddunke gebruik of openbaar maak nie, slegs op die voorwaarde dat wanneer ons Analitiese Data met derdepartye buite die konteks van Diensverskaffing deel sodanige Analitiese Data anoniem sal wees ten opsigte van jou, die Klant, 'n navorser, navorsingseenheid of kliniese navorsingsonderwerp, en dat dit nie enige persoons-identifiserende inligting sal bevat nie.
13. **Deelnemersdata.** Die Platform laat jou toe om inligting en data in te sleutel rakende jou deelname aan 'n kliniese proef, of die deelname van 'n kliniese proef-deelnemer namens wie jy as sorggewer optree (gesamentlik "Deelnemersdata"). Jy is uitsluitlik verantwoordelik vir alle Deelnemersdata wat jy op die Platform insluit of oplaai, insamel of verwerk as deel van jou gebruik van die Platform. Jy verteenwoordig en waarborg dat, na die beste van jou wete, jy die reg besit of die nodige regte, lisensies en toestemmings het om enige Deelnemersdata te skep, op te laai, oor te dra of andersins te gebruik en dat, sover jy weet, die Deelnemersdata nie op enige derdeparty se Intellektuele Eiendomsregte inbreuk maak of dit oortree nie. Suvoda mag enige Deelnemersdata wat hierdie Voorwaardes of enige toepaslike wette oortree verwyder. Jy ken aan Suvoda die reg toe om die Deelnemersdata in te samel, te gebruik, te reproduseer, te versprei, oor te dra en daarvan afgeleides te maak, uitsluitlik met betrekking tot Suvoda se verskaffing van die Platform en enige ondersteuning wat verskaf word.
14. **Beperkings.** Behalwe soos uitdruklik deur hierdie Voorwaardes toegelaat, mag jy nie, en jy stem daartoe in om geen derdeparty te magtig, aan te moedig of toe te laat om die volgende te doen nie: (a) die Platform te wysig, aan te pas, te vertaal of afgeleide werke daarvan te skep nie; (b) die Platform te verkoop, lisensieer, versprei, oordra, verhuur, of dit anders toewys of beskikbaar maak, of die Platform namens enige derdeparty gebruik nie; (c) die analises, data, inhoud of enige ander uitsette wat deur of vanaf die Platform geskep word namens enige derdeparty te gebruik of om aan hulle dienste te lewer, of om sodanige analises, data inhoud of ander uitsette te inkorporeer in enige ander dienste of produkte wat jy aan enige derdeparty verskaf nie; (d) rekonstruering, dekompilasie, demontering of enige ander pogings (i) om enige beskermingsmeganismes in die Platform te oorkom, vermy, omseil, verwyder, deaktiveer of dit andersins te ontduik, insluitende sonder beperking enige sodanige meganisme wat gebruik word om die funksionaliteit van die Platform of sy gemagtigde gebruikers te beperk of te beheer of (ii) om die bron-kode of die onderliggende idees, algoritmes, struktuur of organisasie van die Platform af te lei nie; (e) enige eienaars-kennisgewings binne die Platform te verwyder, te wysig of te verdoesel; (f) toegang tot die Platform te verleen aan enigiemand wat nie uitdruklik ingevolge hierdie Voorwaardes gemagtig is nie; (g) om enige aanstootlike,

onwettige of enige ander onvanpaste data of inhoud op die Platform te plaas of in te sleutel, enige data wat tot siviele of kriminele aanspreeklikheid kan lei te plaas of in te sleutel, of om enige data op die Platform te plaas of in te sleutel waartoe jy nie voldoende regte het nie; (h) enige aksies te neem wat ’n veiligheids-, operasionele of ander bedreiging vir die behoorlike funksionering van die Platform mag hê; (i) toegang tot die Platform verleen aan enige persoon of entiteit wat enige onwettige of bedrieglike handelspraktyke of enige ander praktyke beoefen wat deur die toepaslike wette verbied word; of (j) op enige wyse optree of nalaat om op te tree met betrekking tot jou gebruik van die Dienste wat daartoe lei of mag lei dat Suvoda of enige ander derdeparty ’n oortreding van enige bepalings van die toepaslike wette of ’n praktykskode of enige ander lisensies of magtigings begaan.

15. **Monitering.** Suvoda behou die reg voor om enige aktiwiteite wat op die Platform plaasvind of wat die Platform betrek aan te teken, te monitor of te oudit en/of om enige bewerings dat enige aktiwiteit wat op die Platform plaasvind of dit betrek wat nie aan hierdie Voorwaardes of toepaslike wette voldoen nie te ondersoek. Jy mag sodanige monitering of oudits nie op onredelike wyse verhinder nie en moet die relevante inligting wat met die gebruik van die Platform verband hou en redelikerwyse deur Suvoda aangevra word en nodig is om voldoening aan hierdie Voorwaardes te bevestig verskaf.
16. **Ligging van Data.** Jy neem kennis dat die rugsteuning van inligting in geografies-diverse liggings sal plaasvind. Suvoda sal die inligting stoor in ooreenstemming met alle toepaslike wette, reëls en regulasies, insluitende die toepaslike databeskermingswette.
17. **Vrywaring van Waarborge.** Hierdie Platform word aan jou verskaf “soos dit is” en “soos beskikbaar”, sonder enige voorstellings of waarborge, hetsy uitdruklik of geïmpliseer. Byvoorbeeld, ons maak geen voorstelling of waarborg dat jou gebruik van die Platform ononderbroke, betyds, veilig of foutvry sal wees nie. Jy stem uitdruklik daartoe in dat jou gebruik van die Platform, of jou onvermoë om dit te gebruik, uitsluitlik jou eie risiko sal wees. DIE PLATFORM WORD VERSKAF “SOOS DIT IS” EN “SOOS BESKIKBAAR”, SONDER ENIGE VOORSTELLINGS OF WAARBORGE, HETSY UITDRUKLIK OF GEÏMPLISEER. ONS DOEN AFSTAND VAN ENIGE GEÏMPLISEERDE WAARBORGE OF VOORWAARDES, INSLUITENDE VERHANDELBAARHEID, GESKIKTHEID VIR ’N BEPAALDE DOEL, DUURSAAMHEID, TITEL EN NIE-OORTREDING.
18. **Vrywaring.** Jy sal Suvoda en ons ampsdraers, direkteure, werknemers, opvolgers en gevolmagtigdes verdedig, vrywaar en onskuldig hou ten opsigte van enige verliese, kostes, skade, aanspreeklikhede en uitgawes (insluitende prokureurs- en regskostes) wat verband hou met: (i) enige eise, regsgedinge of regsprosedures wat voortspruit uit of in verband met ons gebruik van data ooreenkomstig met hierdie Voorwaardes; (ii) enige derdeparty dagvaardiging of verpligte hofbevel of verrigtinge wat data eis; en (iii) jou verbreking van hierdie Voorwaardes of jou gebruik van die Platform, insluitende maar nie beperk tot enige gebruik van die Platform of die Dienste se inhoud, dienste en produkte op enige wyse anders as wat in hierdie Voorwaardes toegelaat word, of jou gebruik van enige inligting wat vanaf die Platform of die Dienste verkry is.
19. **Beperking van Aanspreeklikheid.** TOT DIE VOLLE MATE TOEGELAAT DEUR DIE REG, SAL SUVODA, SY OPVOLGERS EN GEVOLMAGTIGDES, EN/OF ELKEEN VAN ONS [sic: GEAFFILIEERDES] EN HUL ONDERSKEIE DIREKTEURE, AMPSDRAERS, WERKNEMERS, AGENTE, KONTRAKTEURS, VERSKAFFERS, DIENSVERSKAFFERS OF LISENSIEERDERS ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE AANSPREEKLIK WEES VIR ENIGE BESERINGS, VERLIESE, EISE OF ENIGE DIREKTE OF INDIREKTE, TOEVALLIGE, BESTRAFFENDE, SPESIALE OF GEVOLGLIKE SKADE VAN ENIGE AARD, INSLUITENDE SONDER BEPERKING WINSVERLIES, VERLIES AAN INKOMSTE, VERLIES VAN SPAARGELD, DATAVERLIES, VERVANGINGSKOSTE OF ENIGE SOORTGELYKE SKADE, HETSY GEBASEER OP KONTRAK, TORT (INSLUITEND NALATIGHEID) STRENG AANSPREEKLIKHEID OF ANDER WAT VOORSTSPRUIT UIT JOU GEBRUIK OF ONVERMOË OM DIE PLATFORM TE GEBRUIK, SELFS WAAR ONS VAN DIE VOORSIENBAARHEID DAARVAN GEADVISEER IS. ONS MAKSIMUM AANSPREEKLIKHEID TEN OPSIGTE VAN JOU GEBRUIK OF ONVERMOË OM DIE PLATFORM TE GEBRUIK, ONS VERBREKING VAN HIERDIE VOORWAARDES OF ENIGE ANDER SAAK WAT HIERONDER VOORTSPRUIT IS EEN DUISEND DOLLAR ($1,000).

    DEUR TOEGANG TOT DIE PLATFORM TE VERKRY, DIE INHOUD DAARVAN EN ENIGE DIENSTE OF ITEMS WAT DEUR DIE PLATFORM BEKOM WORD, ERKEN JY DAT JY MOONTLIK VAN JOU REGTE AFSTAND DOEN MET BETREKKING TOT EISE WAT TANS ONBEKEND OF ONVERMOED IS, EN OOREENKOMSTIG SODANIGE AFSTANDDOENING, ERKEN JY DAT JY DIE VOORDELE VAN AFDELING 1542 VAN DIE SIVIELE KODE VAN KALIFORNIË EN ENIGE SOORTGELYKE WET VAN ENIGE STAAT OF GEBIED GELEES EN VERSTAAN HET, EN DAT JY HIERMEE UITDRUKLIK AFSTAND DOEN VAN DIE VOLGENDE BEPALING: “’N ALGEMENE VRYSTELLING SLUIT NIE EISE IN WAARVAN DIE KREDITEUR OF DIE VRYSTELLENDE PARTY ONBEWUS DAARVAN IS DAT DIT BESTAAN, OF VERMOED DAT DIT IN SY OF HAAR GUNS BESTAAN OP DIE TYDSTIP WANNEER DIE VRYSTELLING PLAASVIND NIE EN INDIEN DIT AAN HOM OF HAAR BEKEND WAS DIT SY OF HAAR SKIKKING MET DIE DEBITEUR OF VRYGESTELDE PARTY WESENLIK SOU BEINVLOED HET.”

    DIE VOORAFGAANDE BEÏNVLOED NIE ENIGE AANSPREEKLIKHEID WAT NIE ONDER TOEPASLIKE WETTE UITGESLUIT OF BEPERK KAN WORD NIE.
20. **Vrystelling en Nie-vervolgingsooreenkoms.** JY BIED VOLLE EN PERMANENTE KWYTSKELDING EN VRYSTELLING AAN SUVODA, ONS OPVOLGERS EN GEVOLMAGTIGDES, EN ELK VAN ONS [sic: GEAFFILIEERDES] EN HUL ONDERSKEIE DIREKTEURE, AMPSDRAERS, WERKNEMERS, AGENTE, KONTRAKTEURS, VERSKAFFERS, DIENSVERSKAFFERS OF LISENSIEERDERS (ELK ’N VRYGESTELDE

PARTY" EN GESAMENTLIK, "VRYGESTELDE PARTYE") VAN ENIGE EN ALLE VERLIESE, SKADE, EISE (INSLUITENDE MAAR NIE BEPERK TOT NALATIGHEIDSEISE), AANSOEKE, REGSGEDINGE, UITGAWES EN ENIGE ANDER AANSPREEKLIKHEID VAN ENIGE AARD VAN OF AAN JOU OF ENIGE ANDER PERSOON WAT DIREK OF INDIREK VOORTSPRUIT UIT OF MET BETREKKING TOT JOU GEBRUIK OF ONVERMOË OM DIE PLATFORM TE GEBRUIK NIE, SELFS WAAR DIT DIE GEVOLG VAN NALATIGHEID IS, 'N ONOORDEELKUNDIGE DAAD, WEGLATING OF ENIGE ANDER FOUT AAN DIE KANT VAN DIE VRYGESTELDE PARTY. JY ONDERNEEM OM NIE ENIGE SODANIGE EIS TEEN ENIGE VRYGESTELDE PARTY IN TE STEL OF AANHANGIG TE MAAK NIE, EN JY BIED KWYTSKELDING EN VRYSTELLING VAN AANSPREEKLIKHEID ONDER SODANIGE EISE AAN DIE MAATSKAPPY EN ALLE ANDER VRYGESTELDE PARTYE.

21. **Regskeuse.** Hierdie Voorwaardes en jou gebruik van die Platform is onderhewig aan en word geïnterpreteer ooreenkomstig die wette van die Commonwealth of Pennsylvania (VSA) sonder verwysing na andersins toepaslike beginsels van regskonflik.
22. **Ooreenkoms tot Arbitrasie van Geskille.**
    a. Jy en ons kom uitdruklik ooreen dat enige geskil wat met hierdie Voorwaardes of jou gebruik van die Platform verband hou uitsluitlik vir arbitrasie onder die vaandel van JAMS voorgelê sal word, en dat die vereenvoudigde arbitrasiereëls van JAMS (Judicial Arbitration and Mediation Services [Geregtelike Arbitrasie- en Bemiddelingsdienste]) gebruik sal word https://www.jamsadr.com/rules-streamlined-arbitration (die "Arbitrasie"). Die Arbitrasie sal plaasvind in die JAMS-kantore in Philadelphia, Pennsylvania (VSA). Uitsprake kan in enige hof ter wêreld wat jurisdiksie oor sulke sake het afgedwing word. TOT DIE VOLSTE MATE TOEGELAAT DEUR DIE REG: (i) JY EN ONS DOEN AFSTAND VAN DIE REG TOT 'N JURIEVERHOOR VAN ENIGE GESKIL WAT MET HIERDIE VOORWAARDES OF JOU GEBRUIK VAN DIE PLATFORM VERBAND HOU; EN (ii) JY EN ONS KOM OOREEN DAT NIE EEN VAN ONS ENIGE REGSGEDING, AKSIE, VERRIGTINGE OF EIS VAN ENIGE AARD WAT MET HIERDIE VOORWAARDES OF JOU GEBRUIK VAN DIE PLATFORM VERBAND HOU, TEEN DIE ANDER PARTY SAL INSTEL AS 'N EISER OF LID VAN 'N KLAS IN ENIGE SOGENAAMDE KLAS-, KOLLEKTIEWE OF VERTEENWOORDIGENDE VERRIGTINGE NIE.
    b. Slegs waar die Gebruiker 'n "verbruiker" is (soos hieronder gedefinieer) sal die volgende bepalings ook op die Arbitrasie van toepassing wees: (i) enige eis wat binne die jurisdiksie van 'n Hof vir Klein Eise val mag voor so 'n Hof vir Klein Eise gebring word. Om enige twyfel uit die weg te ruim sal alle ander eise vir Arbitrasie voorgelê word; (ii) alle oplossings wat beskikbaar is onder die toepaslike federale, staats- of plaaslike wetgewing sal in die Arbitrasie beskikbaar wees; (iii) die Arbiter sal 'n neutrale party wees en die verbruiker mag deelneem aan die proses om 'n Arbiter te selekteer; (iv) die Arbitrasie mag per video plaasvind, of by 'n plek naby aan die verbruiker se plek van verblyf; (v) wat die koste van die Arbitrasie betref, waar die verbruiker die Arbitrasie inisieer is daar slegs 'n fooi van $250 deur die verbruiker betaalbaar. Alle ander Arbitrasiekostes moet deur ons gedra word, insluitende enige oorblywende JAMS Saakbestuursfooie en alle professionele fooie vir die Arbiter se dienste; (alhoewel elke party hul eie onderskeie regskostes moet dra). Waar die Arbitrasie deur ons geïnisieer word sal ons alle kostes verbonde aan die Arbitrasie dra; en (vi) blootlegging van nie-beskermde inligting wat relevant is tot die geskil sal toegelaat word. Vir die doeleindes van hierdie Voorwaardes sal "verbruiker" verwys na enige individu wat enige goedere of dienste wil hê of aankoop, hoofsaaklik vir gesins- of huishoudelike doeleindes, insluitende krediettransaksies wat met sodanige aankope verband hou, of persoonlike banktransaksies.
23. **Toekenning.** Hierdie Voorwaardes sal verseker dat die partye hiertoe hul opvolgers en goedgekeurde gevolmagtigdes die voordeel daarvan geniet en hulle sal bind. Jy mag nie hierdie Ooreenkoms sonder Suvoda se geskrewe toestemming toeken nie. Ons mag enige van ons regte toeken of enige van ons verpligtinge onder hierdie Voorwaardes aan enige party of entiteit delegeer.
24. **Skeibaarheid.** Indien 'n hof met bevoegde jurisdiksie bevind dat enige van die bepalings van hierdie Voorwaardes teenstrydig met wetgewing is, sal sodanige bepaling deur die hof gewysig word en geïnterpreteer word om die oogmerke van die oorspronklike bepaling ten beste te bereik, tot die volle mate deur die reg toegelaat en die oorblywende bepalings van hierdie Ooreenkoms sal geldig bly.

    **Beëindiging.** Jou toegang tot die Platform sal beëindig word wanneer die Klant se Platform-subskripsie verstryk of tot 'n einde kom. Daarbenewens mag jou toegang tot die Platform vroeër deur die Klant of deur ons beëindig word vir enige rede of geen rede hoegenaamd. Nietemin, tipiese redes waarom ons jou toegang tot die Platform mag ophef of beëindig, sluit in, sonder beperking, jou verbreking van hierdie Voorwaardes, wangedrag of as gevolg van 'n veiligheidsinsident, 'n operasionele, aanspreeklikheids- of ander bedreiging vir die funksionering van die Platform.
25. **Voorwaardes van Toepassing op Verbruikers in New Jersey.** Geen bepaling van hierdie Voorwaardes sal op enige verbruikers in New Jersey van toepassing wees as dit die bepalings enige van die volgende oplossings beperk nie: (i) nalatigheid, (ii) produkaanspreeklikheidseise, (iii) die bestraffende skadevergoedingswette, (iv) die New Jersey Uniform Commercial Code [Eenvormige Kommersiële Kode], of (v) nalating om redelike beskerming te bied teen skade wat voortspruit uit sekere kriminele dade deur derdepartye (bv. rekenaarinbrake en identiteitsdiefstal). Die bepalings van hierdie Voorwaardes rakende die uitsluiting of beperking van sekere skade is nie in New Jersey van toepassing waar dit statutêre skadevergoedings, bestraffende skadevergoeding, dataverlies en verlies of skade aan eiendom aangaan nie. Suvoda behou alle regte, verweer en toelaatbare beperkings onder die wette van New Jersey en onder die wette van jou staat van verblyf voor.
26. **Volledige Ooreenkoms.** Hierdie Voorwaardes, tesame met ons Privaatheidskennisgewing, verteenwoordig die geheel van die ooreenkoms tussen ons

en jou met betrekking tot die onderwerp daarvan en vervang alle vorige geskrewe of mondelinge onderhandelinge, onderneminge en geskrifte. Geen beloftes, voorstellings, verstandhouding, waarborge en ooreenkoms, behalwe die wat uitdruklik hierin gemeld word, word deur enige van die partye gemaak nie. Geen verandering of wysiging van hierdie Voorwaardes sal geldig wees tensy dit in geskrewe formaat is en onderteken is deur ’n gemagtigde verteenwoordiger van elk van ons nie.

*Laaste Bywerking:* 1 September 2025

## SUVODA PRIVAATHEIDSKENNISGEWING

*Laaste Bywerking:* 1 September 2025

Suvoda LLC en sy geaffilieerdes (“**Suvoda**,” “**Greenphire**,” “**ons**,” “**ons eie**” of “**ons s’n**”) respekteer jou privaatheid. Hierdie Privaatheidskennisgewing (“**Kennisgewing**”) beskryf die verwerking van Persoonlike Inligting (soos hieronder gedefinieer) wat verskaf, ingesamel of openbaar gemaak word tydens die verskaffing van ons produkte en dienste aan jou, insluitende maar nie beperk tot Suvoda se Interactive Response Technology (“IRT”) [Interaktiewe responstegnologie], eConsent [Elektroniese toestemming], Scheduling [Skedulering], Greenphire Travel [Reis], Electronic Clinical Outcomes Assessment(s) (“eCOA”) [Elektroniese kliniese uitkomsassessering(s)], Greenphire Patient Payments [Pasiëntbetalings], Budgeting and Benchmarking [Begrotings en maatstafstelling], en Site Payment [Webwerfbetalings] produkte en verwante dienste (gesamentlik, “**Dienste**”). Met betrekking tot die Dienste mag jy ook toegang verkry tot ’n toestel, SIM-kaart of ander hardeware (“Hardeware”).

Hierdie Kennisgewing beskryf die regte wat jy onder toepaslike wetgewing mag geniet. Lees asseblief hierdie Kennisgewing sorgvuldig deur om ons beleid en praktyke ten opsigte van jou Persoonlike Inligting en hoe ons dit hanteer te verstaan. Indien jy hierdie kennisgewing in ’n aflaaibare of toeganklike (grootdruk) formaat verlang, kliek asseblief hier of kontak ons by privacy@suvoda.com.

### Persoonlike Inligting Wat Ons Insamel

Ons samel verskeie kategorieë van Persoonlike Inligting van en omtrent die gebruikers van ons Platform en Dienste (“jou”) in. “**Persoonlike Inligting**” beteken inligting wat jou op unieke wyse identifiseer, na jou verwys, jou beskryf of wat redelikergewys met jou geassosieer of met jou gekoppel kan word. Die kategorieë van Persoonlike Inligting wat ons insamel mag die volgende insluit:

- *Kontakbesonderhede* - Wanneer jy ’n navraag indien, vir ’n rekening registreer, of inligting op of via ons Platform of Dienste verskaf mag ons jou kontakbesonderhede insamel, insluitende jou naam, gebruikersnaam, wagwoord, posadres, e-posadres, maatskappy se naam, postitel, telefoonnommer, faksnommer, tydsone, en die inhoud van enige boodskappe wat jy aan ons stuur.
- *Gebruiks-/Inteken informasie* - Wanneer jy ons Dienste gebruik mag ons inligting (soos “logs”) rakende jou gebruik van ons Dienste insamel en behou, insluitende enige aksies wat jy neem met betrekking tot die Studies waartoe jy toegang het. Daarbenewens mag ons inligting outomaties vaslê, insluitende jou Internetprotokoladres (“IP-adres”), die geoligging van jou toestel, die toestelmodel en -resolusie, bedryfstelsel-weergawe, deurblaai-geskiedenis, plaaslike datum en tyd, batteryvlakke van jou toestel, aanmeld pogings, blaaiertipe, domein name wat met jou internetdiensverskaffer geassosieer word, lesings van toepaslike toestelle (byvoorbeeld, soos bloedglukosevlakke) en enige ander inligting aangaande jou interaksie met ons Dienste.
- *Kommunikasie-inligting*” - Ons mag Persoonlike Inligting insamel wat in jou kommunikasie met ons per e-pos, kletsfunksionaliteit, sosiale media, telefoon of anders vervat is, insluitende deur die gebruik van kunsmatige intelligensie, en in sekere gevalle mag ons derdepartyverskaffers gebruik om dit te doen. Waar dit deur toepaslike wette toegelaat word mag ons opnames van oproepe en kletse met ons agente, verteenwoordigers of werknemers via boodskappe, kletse, pos of soortgelyke funksionaliteite insamel en behou.
- *Kliniese Proefinligting* - Ons mag Persoonlike Inligting insamel wat met die gebruik van ons Dienste en die administrasie van kliniese proewe verband hou, insluitende jou naam, nooiensvan, voorletters, e-posadres, woonadres, telefoonnommer, taal, sosiale sekerheidsnommer of ander regeringsuitgereikte identiteitsnommer, gebruikersnaam, wagwoord, antwoorde op sekerheidsvrae, paspoortnommer, foto, vervaldatum, geslag, verblyfpermit, nasionaliteit, land van uitreiking, datum en land van geboorte, gesondheidsverwante inligting, genetiese inligting, Studie-identifiseerder, kalenderinligting, afspraakdatums en -tye, en ander inligting aangaande Deelnemersbesoeke en Deelnemers, insluitende siftingsnommer, Deelnemer-ID of subjeknommer en status, inligting rakende die reseptering van medikasie, inligting rakende logistiekversoeke (insluitende diensnotas en gereelde-vlieër- of ander beloningsnommers), toestemmingsverwante inligting insluitende Pasiënt en sorggewers se handtekeninge en inligting rakende en/of verskaf in reaksie tot kliniese uitkomsassesserings (insluitende inligting aangaande lewenskwaliteit tydens deelname aan ’n kliniese proef).
- *Finansiële Inligting* - As jy ons Dienste gebruik mag ons finansiële inligting insamel om betalings te fasiliteer, insluitende via ons derdeparty-

betalingsverwerker, soos bankrekeningnommer, debietkaartnommer, tipe en vervaldatum, inligting aangaande kaartbalanse en hangende betalings, belasting-ID, begunstigde-ID, sosiale sekerheidsnommer en foto's van jou kwitansies vir terugbetaling.

As jy enige van hierdie inligting nie verskaf nie, of as ons dit vir een of ander rede nie kan insamel nie, mag ons nie in staat wees om die Dienste aan jou te lewer nie.

### Hoe ons Persoonlike Inligting Insamel

- *Direk Van Jou Af* - Ons samel Persoonlike Inligting in wat jy direk aan ons verskaf, byvoorbeeld, as jy kies om ons te kontak, inligting van ons aanvra, inskryf om bywerkings te ontvang of ons Platform of Dienste andersins gebruik.
- *Van Derdepartye* - Ons mag Persoonlike Inligting van derdeparty af insamel, insluitende maar nie beperk tot Klante, hulle en ons sakevennote, data-analiseverskaffers, mobiele toestelverskaffers, Internet of mobiele diensverskaffers, mobiele toepassingsplatformverskaffers.
- *Deur Aanlynvolgtegnologieë* - Ons gebruik koekies en soortgelyke tegnologieë in sommige produkte om Persoonlike Inligting outomaties in te samel terwyl jy ons Platform navigeer. Vir bykomende inligting aangaande ons gebruik van hierdie tegnologieë, raadpleeg die *Cookies and Tracking Technologies policy* [Koekies en Volgtegnologiebeleid].

### Hoe Ons Persoonlike Inligting Gebruik

Tot die mate wat toegelaat word deur toepaslike wette gebruik ons Persoonlike Inligting as volg:

- *Om ons Dienste te verskaf en te verpersoonlik*, soos byvoorbeeld om kliniese proeflogistiek te ondersteun, die verwerking of nakoming van kaartbestellings, aanporkennisgewings, kennisgewingsboodskappe en databoodskappe te verskaf, bewysregistrasie te bestuur, betalings te verwerk, kliëntediens te lewer, rekeninge te diens of in stand te hou, finansiering te verskaf, klante-inligting te verifieer, besigheidsrekords te skep en in stand te hou, benoembaarheid te verifieer en soortgelyke dienste te onderneem of te verskaf. Indien Hardeware deel van die Dienste vorm mag ons jou naam en die kontakinligting wat jy aan ons verskaf het met derdepartye deel sodat die Hardeware wat in die Studie gebruik moet word aan jou gestuur kan word. Daarbenewens mag ons inligting aangaande die gebruik van die Hardeware gebruik en aan derdepartye verskaf soos nodig, ten einde die Dienste en/of Hardeware te verskaf, insluitende sonder beperking die blaaiergeskiedenis, sagteware en instellings van die Hardeware en inligting wat deur die Hardeware gegenereer word.
- *Om ouditspore te skep*, insluitende om jou aktiwiteite in die Dienste te volg. Jou aktiwiteite in die Dienste mag met jou gebruikersnaam of gebruikersidentifiseerder, voornaam en van gemerk word en sal met jou geassosieer word om jou aktiwiteite in die Dienste te volg (die "Ouditspoor"). Hierdie inligting sal deur ons gehou word selfs nadat jou rekening uitgevee is of die Studie waaraan jy deelgeneem het voltooi is. Hierdie inligting tesame met ander inligting wat met die Studie verband hou mag met die Borg en/of ander derdepartye gedeel word, insluitende regulatoriese owerhede, indien daar 'n opdrag van die Borg is om ons kontraktuele verpligtinge na te kom en/of ingevolge 'n regulatoriese vereiste. Raadpleeg asseblief die afdeling **"Hoe lank ons jou Persoonlike Inligting hou"** hieronder vir verdere inligting.
- *Om ons Dienste te optimaliseer, te verbeter en in stand te hou*, insluitende om dit te ontleed en te verstaan hoe gebruikers met ons Dienste omgaan, om 'n peiling van gebruikersbelangstelling in sekere Dienste te maak en om terugvoer aangaande ons Dienste te vra en om probleme op te los.
- *Vir interne navorsing en ontwikkeling*, soos toetsing, verifiëring en die verbetering van ons Dienste of die ontwikkeling van nuwe dienste.
- *Om met jou te kan kommunikeer*, soos om te reageer op jou vrae en kommentaar, om jou in te lig omtrent veranderings aan ons Dienste, insluitende deur die gebruik van kunsmatige intelligensie en om promosiemateriaal rakende ons Dienste aan Klante Gebruikers te stuur, insluitende deur elektroniese middele soos e-pos. Neem asseblief kennis dat ons die e-posadres of mobiele telefoonnommer wat jy verskaf mag gebruik om aan jou kennisgewings te stuur wat met die Studie waartoe jy toegang verkry het, of waaraan jy deelneem, verband hou. Hierdie kennisgewings word op versoek van die Borg gestuur. Indien jy nie langer hierdie kennisgewings wil ontvang nie moet jy die Borg asseblief direk kontak. Vir wetlike, sekuriteit- of veiligheidsredes, soos die beskerming van ons eie en ons gebruikers se veiligheid, eiendom of regte; om aan wetlike en regulatoriese vereistes te voldoen; om ons bepalings, voorwaardes en beleid af te dwing; om sekerheidsinsidente op te spoor, te voorkom en daarop te reageer; en as beskerming teen kwaadwillige, misleidende, bedrieglike of onwettige aktiwiteite.
- *As deel van 'n korporatiewe transaksie*, soos by die verkoop van 'n gedeelte van of die geheel van ons bates of besigheid, die aankoop van 'n gedeelte of geheel van 'n ander besigheid of 'n ander besigheid se bates, of 'n ander korporatiewe transaksie, insluitende bankrotskap.
- *Om enige ander doeleinde waarvoor jy dit verskaf te bereik*, insluitende die doeleindes wat beskryf word wanneer jy die inligting verskaf of jou toestemming gee.

### Hoe Ons Persoonlike Inligting Openbaar Maak

Ons mag saamgevoegde inligting omtrent ons gebruikers, sowel as inligting wat nie enige individu identifiseer nie, openbaar maak en wel sonder beperking.

Ons mag Persoonlike Inligting met jou toestemming of onder die volgende omstandighede openbaar maak:

- *Werknemers en ander personeel* - Ons mag Persoonlike Inligting met ons werknemers en ander personeel (soos kontrakteurs) deel wat van die inligting moet kennis neem vir ons besigheidsdoeleindes.
- *Geaffilieerdes* - Ons mag Persoonlike Inligting binne ons maatskappy-familie deel vir nodige besigheids- en bemarkingsdoeleindes, insluitende geteikende bemarking en kommunikasie met jou aangaande jou gebruik van die Dienste, instandhoudingskwessies en om aan jou inligting omtrent die Dienste te verskaf wat ons dink vir jou van belang mag wees.
- *Diensverskaffers* - Ons deel jou Persoonlike Inligting met die diensverskaffers/kontrakteurs wat ons gebruik om ons besigheid te ondersteun, insluitende maar nie beperk tot reisondersteuning en logistieke vennote, saamry-operateurs, data analiseverskaffers, webwerf-herbergiers en ander tegnologieverskaffers nie.
- *Sakevennote* - Ons mag Persoonlike Inligting met vertroude sakevennote deel.
- *Entiteite wat Kliniese Proewe uitvoer* - As jy ’n Deelnemer in ‘n kliniese proef is, of as jy die sorggewer van ’n Deelnemer in ’n kliniese proef is, mag ons jou Persoonlike Inligting deel as deel van die administrasie van proewe, insluitende met die proefsentrum, personeel by die proefsentrum, Borge en diegene wat namens die Borg werk, insluitende die kontraknavorsingsorganisasies.
- *Finansiële Instellings* - Indien jou gebruik van die Dienste betalings aan jou behels, soos wanneer jy ’n Deelnemer in ’n kliniese proef is, mag ons jou Persoonlike Inligting met finansiële instellings en verwante partye deel ten einde hierdie betalings aan jou te kan maak, insluitende kaartverwerkers, kaartvervangingsverskaffers en ken-jou-klant verifikasieverskaffers.
- *Regulatoriese Agentskappe* - Ons mag Persoonlike Inligting openbaar maak in die konteks van ’n oudit deur die FDA (Food and Drug Administration) [Amerikaanse federale agentskap wat die veiligheid van voedsel en medikasie reguleer] of ’n ander regulatoriese agentskap.
- *Wetlike Verpligting of Veiligheidsredes* - Ons mag Persoonlike Inligting aan ’n derdeparty openbaar maak wanneer ons in goeie trou glo dat sodanige openbaarmaking van Persoonlike Inligting redelikerwys nodig is (a) om aan enige wetlike of regulatoriese vereiste, regsproses of afdwingbare regeringsversoek te voldoen, (b) om ’n oortreding van enige van die bepalings van ons ooreenkoms met jou af te dwing of ’n potensiële oortreding te ondersoek, (c) om bedrog, sekerheids- of ander tegniese kwessies op te spoor, te voorkom of andersins daarop te reageer, (d) om oudit- en voldoeningsfunksies te ondersteun, of (e) die regte, eiendom of veiligheid van Suvoda, sy werknemers en Klante of die publiek teen skade te beskerm.
- *Samesmelting of Beheerverandering* - Ons mag Persoonlike Inligting soos nodig aan derdepartye openbaar maak indien ons by ’n samesmelting, verkryging, of enige ander transaksie waarby ons betrokke is wat ’n verandering in die beheer van ons besigheid te weeg bring, insluitende maar nie beperk tot bankrotskap of soortgelyke prosedures nie. Waar dit wetlik vereis word sal ons jou in kennis stel van sodanige openbaarmaking.
- *Ander* - Ons mag Persoonlike Inligting aan derdepartye openbaar maak wanneer jy dit uitdruklik versoek of toestemming daarvoor gegee het, of vir die doeleindes waarvoor jy die Persoonlike Inligting aan ons bekend gemaak het soos aangedui op die tyd en plek van openbaarmaking (of wat vanselfsprekend was op die tyd en plek van openbaarmaking).

### Koekies en Ander Volg-tegnologieë

Ons en ons diensverskaffers mag koekies and soortgelyke tegnologieë gebruik om gebruiks- en blaaierinligting oor hoe jy die Platform gebruik in te samel. Die tegnologieë wat ons vir hierdie outomatiese data-insameling gebruik mag koekies en webbakens insluit wat ons toelaat om die integriteit van die stelsel en bediener na te gaan en statistiek oor die gewildheid van sekere inhoud te genereer. Ons verwerk die inligting wat deur middel van sulke tegnologieë ingesamel is, dit kan moontlik Persoonlike Inligting insluit of daarmee gekombineer word wat help om sekere funksionaliteite op ons Platform te bedryf, om jou ervaring deur pasmaking te verbeter en om ons te help om te verstaan watter van die Platform se eienskappe jou en ander gebruikers die meeste interesseer.

- **Klante-inligting:** Ons verbeter ons klante-interaksies deur funksies soos betalingsverwerkers aan te bied wat aanlynbetalings fasiliteer. Elkeen van hierdie aanbiedings is onderhewig aan die bepalings, voorwaardes en beleid van die onderliggende diensverskaffer.

**Google Analytics:** Om meer te wete te kom oor hoe Google data gebruik, besoek die Google Privacy Policy en die Google bladsy “How Google uses data from Platform or apps that use our services” [Hoe Google data van die Platform gebruik, of toepassings wat van ons dienste gebruik maak]. Jy kan die Google Analytics Opt-out Browser Add-on aflaai vir elke blaaier wat jy gebruik, maar dit verhoed nie die gebruik van ander analitiese nutsgoed nie. Om meer van die Google Analytics-koekies te wete te kom, besoek Google Analytics Cookie Usage on Websites [Gebruik van Google Analytics-koekies op webwerwe].

*Verkoop of Deel van Persoonlike Inligting* - Hoewel ons nie Persoonlike Inligting vir geldelike gewin verkoop nie, deel ons wel Persoonlike Inligting vir ander voordele wat onder verskeie databeskermingswette as “verkoop” of “deel” beskou mag word, aangesien dit soms breed gedefinieer word om aktiwiteite soos die verskaffing van belangstellingsgebaseerde advertensie op webwerwe, of toelating dat derdepartye sekere inligting soos koekies, IP-adresse en/of blaaiergedrag ontvang, in te sluit. Net so beoefen ons ook belangstellingsgebaseerde advertering wanneer ons data omtrent jou aktiwiteite op ons Platform gebruik om

advertensies aan jou te vertoon op webwerwe wat deur derdepartye besit of beheer word. Dit is in hierdie konteks dat ons Persoonlike Inligting soos jou IP-adres, toestelinligting, inligting oor Internet en ander elektroniese netwerkaktiwiteite en geoliggingsinligting oor die afgelope 12 maande aan advertensienetwerke, data-analiseverskaffers, sosiale netwerke en videodelingplatforms verskaf het.

Klik hier om die Koekiebeleid te raadpleeg.

### Hoe Lank Ons Jou Persoonlike Inligting Hou

Ons hou jou inligting vir so lank as nodig: (i) om besigheid met Klante te doen; (ii) die doeleindes in hierdie Kennisgewing uiteengesit te bereik; en (iii) ons wetlike en regulatoriese verpligtinge na te kom, geskille op te los en enige ooreenkomste af te dwing.

Die kriteria wat ons sal gebruik om te bepaal hoe lank om jou Persoonlike Inligting te hou sluit die aard van ons sakeverhouding met jou in; ons wetlike regte, verpligtinge en retensievereistes; en of daar vir ons 'n voortdurende besigheidsdoel is om jou Persoonlike Inligting te behou, soos om met jou te kommunikeer oor deurlopende of moontlike Dienste wat jy versoek het.

Neem asseblief kennis dat ons die Ouditspoor soos nodig sal behou om ons wetlike, regulatoriese of kontraktuele verpligtinge na te kom. In daardie gevalle sal die Persoonlike Inligting afgeskei word om dataverwerking te beperk, die Persoonlike Inligting sal gestoor en behou word om aan die ooreenstemmende toepaslike wetlike, regulatoriese en kontraktuele verpligtinge te voldoen.

### Skakels na Derdepartywebwerwe

Ons is nie verantwoordelik vir die praktyke wat beoefen word deur enige webwerwe of dienste wat met of vanaf ons Platform gekoppel is nie, insluitende die inligting of inhoud wat daarin saamgevat is.. Ons moedig jou aan om ondersoek te doen en vrae te vra voordat jy Persoonlike Inligting aan derdepartye bekend maak aangesien enige Persoonlike Inligting wat openbaar gemaak word in ooreenstemming met die toepaslike derdeparty se privaatheidsbeleid hanteer sal word.

In sommige gevalle bied ons skakels na sosiale mediaplatforms (soos Facebook, Instagram, LinkedIn, X (voorheen bekend as Twitter) en YouTube) wat dit vir jou moontlik maak om maklik met ons te koppel of inligting op sosiale media te deel. Enige inhoud wat jy via hierdie sosiale media bladsye plaas is onderhewig aan die Gebruiksvoorwaardes en Privaatheidsbeleid van daardie platforms.

### Internasionale Gebruik en Oorgrensdata-oordragte

As jy ons produkte gebruik moet jy asseblief kennis neem dat ons produkte in die Verenigde State en Europa geherberg word. Waar deur die wet toegelaat sal Suvoda inligting omtrent jou oordra, verwerk en stoor op bedieners wat in 'n aantal lande geleë is, insluitende die Verenigde State wat nie dieselfde vlak van beskerming met betrekking tot privaatheidsaangeleenthede bied as wat in ander gebiede soos die Europese Unie gebied word nie. Ons mag ook die verwerking subkontrakteer aan, of jou inligting deel met derdepartye wat in lande anders as jou tuisland geleë is.

Neem asseblief kennis dat ons in sekere situasies verplig word om Persoonlike Inligting openbaar te maak in reaksie op wettige versoeke van openbare owerhede, insluitende om aan nasionale veiligheids- of wetstoepassingsvereistes te voldoen.

*Vir persone in Japan*: Soos gemeld in die *Hoe Ons Persoonlike Inligting Openbaar Maak* afdeling hierbo, gebruik ons en ons filiale en geaffilieerdes gesamentlik jou Persoonlike Inligting vir die doeleindes wat in hierdie Kennisgewing beskryf is. Die kategorieë van Persoonlike Inligting wat gesamentlik gebruik word is ook beskryf in die *Persoonlike Inligting Wat Ons Insamel* afdeling van hierdie Kennisgewing. Die party wat verantwoordelik is vir hierdie gesamentlike gebruik is Suvoda Software GK, Roppongi Hills North Tower 17F, 6-2-31 Roppongi, Minato-ku, Tokyo 106-0032, Japan. Vir verder inligting omtrent gesamentlike gebruik, kontak ons asseblief by privacy@suvoda.com.

Neem asseblief kennis dat jou Persoonlike Inligting na buite Japan oorgedra mag word. Waar ons jou Persoonlike Inligting oordra na jurisdiksies wat nie deur die Personal Information Protection Commission (PPC) [Kommissie vir die beskerming van persoonlike inligting] as "voldoende" beskou word nie waar en wanneer dit ingevolge die Japanese Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting vereis word, sluit ons geskrewe ooreenkomste met derdepartye wat buite Japan geleë is. Vir 'n beskrywing van buitelandse stelsels en raamwerke wat die implementasie van ekwivalente maatreëls deur die derdeparty mag affekteer, lees hier.

Vir verdere inligting oor oorgrensoordragte, kontak ons asseblief by privacy@suvoda.com.

Ons sal veiligheidsmaatreëls daarstel wat ontwerp is om jou Persoonlike Inligting te beskerm, insluitende die aanstelling van 'n persoon wat verantwoordelik is

om na te gaan hoe persoonlike inligting hanteer word en wat die omvang van Persoonlike Inligting wat deur personeel hanteer mag word sal stipuleer.

As jy van mening is dat ons enige van die regte wat ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting wat aan jou verleen is oortree het mag jy ’n klagte by die PPC indien.

*Vir persone in die Europese Unie, Europese Ekonomiese Gemeenskap, Switserland, Brasilië en die Verenigde Koninkryk*: Suvoda sal Persoonlike Inligting slegs na derdepartye wat buite hierdie gebiede geleë is oordra indien hulle voldoende maatreëls vir die oordrag van sulke Persoonlike Inligting getref het deur middel van wettige en goedgekeurde metodes.

Suvoda voldoen tans aan die EU-US Data Privacy Framework [EU-VS Dataprivaatheidsraamwerk] (“EU-US DPF”), die UK Extension to the EU-U.S. DPF [VK-uitbreiding van die EU-V.S. DPF], en die Swiss-U.S. Data Privacy Framework [Switserland-V.S. Dataprivaatheidsraamwerk] (“Swiss-U.S. DPF”) soos uiteengesit deur die US Department of Commerce [VSA se Departement van Handel], met betrekking tot die verwerking van Persoonlike Inligting soos wat ontvang is vanaf die EU, die VK en Switserland onderskeidelik, en met die Brasiliaanse Algemene Databeskermingswet (“LGPD”). Suvoda het aan die VSA se Departement van Handel gesertifiseer dat dit voldoen aan die beginsels van die EU-V.S. Dataprivaatheidsraamwerk (“EU-U.S. DPF Principles”) met betrekking tot die verwerking van persoonlike data soos ontvang vanaf die Europese Unie in navolging van die EU-U.S. DPF, en van die VK (en Gibraltar) in navolging van die VK-uitbreiding van die EU-U.S. DPF. Suvoda het aan die VSA se Departement van Handel gesertifiseer dat dit voldoen aan die Beginsels van die Switserland-V.S. Dataprivaatheidsraamwerk-program (“Swiss-U.S. DPF Principles” en gesamentlik met die EU-U.S. DPF Principles, die “DPF Beginsels”) met betrekking tot die verwerking van persoonlike data soos ontvang vanaf Switserland in navolging van die Swiss-U.S. DPF.

Indien daar enige teenstrydigheid is tussen die bepalings van hierdie Kennisgewing en die DPF-beginsels en/of die Swiss-U.S DPF-beginsels sal die toepaslike DPF-beginsels heers. Om meer van die Dataprivaatheidsraamwerk-program (“DPF”) te wete te kom en om na ons sertifikasie te kyk, besoek asseblief https://www.dataprivacyframework.gov/.

Onder die DPF-program onderneem ons om alle toepaslike Persoonlike Inligting wat vanaf die EU, VK en Switserland ontvang word aan die DPF beginsels te onderwerp, in navolging van die EU-U.S DPF, sy VK-uitbreiding en die Swiss-U.S DPF.

Die “Federal Trade Commission” [Federale handelskommissie] het jurisdiksie oor Suvoda se voldoening aan die EU-U.S DPF, die VK-uitbreiding van die EU-U.S DPF en die Swiss-U.S DPF.

### Jou keuses en regte onder die DPF

Indien jou Persoonlike Inligting gebruik word vir ’n nuwe doeleinde wat wesenlik verskil van die doeleinde(s) waarvoor dit aanvanklik ingesamel, en vervolgens gemagtig is, of oorgedra word na ’n derdeparty wat nie ’n agent is nie, sal daar waar toepaslik aan jou geleentheid gebied word om te weier dat jou Persoonlike Inligting op die wyse gebruik of oorgedra word. Waar die tersaaklike inligting Sensitiewe Persoonlike Inligting is sal jou uitdruklike bevestigende toestemming verkry word voor die beoogde verwerking.

Onder die DPF, soos uiteengesit in hierdie Kennisgewing, mag jy namens jouself (waar moontlik) of hetsy van ons of van jou kliniese sentrum (waar van toepassing) bevestiging vra of ons jou Persoonlike Inligting mag verwerk, toegang tot jou inligting versoek, en versoek dat ons sodanige inligting korrigeer, wysig of uitvee waar dit onakkuraat is of waar dit teenstrydig met die DPF-beginsels van verwerking is.

### Verdere oordragte

Wanneer ons Persoonlike Inligting onder die DPF beginsels ontvang bly ons aanspreeklik vir enige daaropvolgende oordragte daarvan na ’n derdeparty (“Verdere Oordrag”) tensy ons nie verantwoordelik is vir die insident wat aanleiding gee tot enige beweerde verlies nie.

### Hoe om jou regte uit te oefen, verdere inligting aan te vra, of ’n klagte in te dien onder die DPF

In navolging van die EU-US DPF-Beginsels onderneem Suvoda om klagtes omtrent jou privaatheid en ons insameling of gebruik van jou persoonlike inligting wat na die Verenigde State oorgedra word op te los volgens die DPF-Beginsels. Persone in die Europese Unie, Switserland en die Verenigde Koninkryke met DPF-navrae of klagtes moet eerste die volgende kontak: (i) as jy ’n Deelnemer aan ’n kliniese proef is of ’n sorggewer: kontak jou kliniese sentrum of (ii) as jy nie ’n Deelnemer in ‘n kliniese proef of ’n sorggewer is nie, kontak ons direk by privacy@suvoda.com of by:

**Suvoda LLC**
181 Washington Street, Suite 100
Conshohocken, PA 19428

ATTN: Privacy Officer
Telefoonnommer: 1-855-788-6321
Email: privacy@suvoda.com

**Suvoda SRL**
10 Bld I.C. Bratianu, Floor 3, District 3
Bucharest, Romania, 011413
ATTN: Privacy Officer
Telefoonnommer: +40 (31) 2265529
Tolvry: 0800-896-362
Email: privacy@suvoda.com

Alternatiewelik kan jy ook ons plaaslike verteenwoordiger kontak:

- In die EU by: be-info@cranium.eu (ook die plaaslike Databeskermingsbeampte)
- In die VK by: be-info@cranium.eu
- In Brasilië by: dpo@mkr.com.br (plaaslike Databeskermingsbeampte: MKR Consultoria LTDA)

Suvoda is verder toegewy daaraan om enige onopgeloste privaatheidsklagtes onder die DPF-Beginsels met betrekking tot sy produkte en dienste na ’n onafhanklike meganisme vir dispuutresolusie te verwys, naamlik Data Privacy Framework Services wat deur BBB National Programs bedryf word. As jy nie tydige erkenning van jou klagte ontvang nie, of as jou klagte nie bevredigend aangespreek word nie, besoek asseblief https://bbbprograms.org/programs/all-programs/dpf-consumers/ProcessForConsumers vir verdere inligting en om ’n klagte in te dien. Hierdie diens word gratis aan jou verskaf.

Indien jou DPF-klagte nie deur bogenoemde kanale opgelos kan word nie mag jy onder sekere omstandighede jou tot bindende arbitrasie beroep vir sekere oorblywende eise wat nie deur ander regstellings opgelos is nie. Raadpleeg https://www.dataprivacyframework.gov/s/article/G-Arbitration-Procedures-dpf?tabset-35584=2.

**Kontak Inligting.** Indien jy enige vrae omtrent hierdie Kennisgewing het of oor hoe ons Persoonlike Inligting insamel, stoor of hanteer kan jy ons kontak deur ’n e-pos te stuur aan privacy@suvoda.com of per geregistreerde pos aan:

Suvoda LLC
181 Washington Street, Suite 100, Conshohocken, PA 19428, USA
ATTN: Privacy Department

### Hoe Ons Persoonlike Inligting Beskerm

Ons het kommersieel-redelike maatreëls in plek gestel wat daarop gemik is om jou Persoonlike Inligting te beskerm teen toevallige verliese en ongemagtigde toegang, gebruik, wysiging en openbaarmaking. Die oordrag van inligting via die internet is egter ongelukkig nie heeltemal veilig nie. Ten spyte van hierdie pogings om Persoonlike Inligting in ’n veilige omgewing te stoor kan ons nie die veiligheid van Persoonlike Inligting tydens oordrag of storing op ons stelsels waarborg nie.

### Uitoefening van jou Privaatheidsregte

Afhangende van waar jy woon (en in watter hoedanigheid jy die Dienste gebruik) mag jy die volgende regte ten opsigte van jou Persoonlike Inligting onder die toepaslike databeskermingswette geniet:

- *Toegang* - Die reg om toegang aan te vra en ’n afskrif van enige Persoonlike Inligting wat ons omtrent jou mag hê te verkry.
- *Uitwissing* - Die reg om jou Persoonlike Inligting wat ons ingesamel of verkry het, uit te vee, onderhewig aan sekere uitsonderings. As jy wil hê dat jou Persoonlike Inligting wat met ’n kliniese proef verband hou uitgevee word kontak asseblief die Studieborg. Sodra ons ‘n opdrag van die Borg kry mag ons voortgaan om die Persoonlike Inligting wat jy verskaf het uit te vee. As ons sodanige Persoonlike Inligting uitvee sal jy nie langer toegang tot sekere Dienste hê nie.
- *Regstelling* - Die reg om te vra dat ons enige onakkuraathede rakende jou Persoonlike Inligting regstel, hierdie is onderhewig aan sekere uitsonderings.
- *Uittreding Uit Sekere Verwerkings* - Die reg om: (a) uit te tree uit die verwerking van jou Persoonlike Inligting vir die doel van geteikende advertering, (b) uit te tree uit die verkoop of deel van jou Persoonlike Inligting; (c) die gebruik van jou sensitiewe Persoonlike Inligting (waar van toepassing) te

beperk en (d) uit te tree uit profielvorming ter bevordering van besluite wat wetlike of soortgelyke betekenisvolle effekte het. Ons samel nie sensitiewe Persoonlike Inligting in nie, en verwerk dit nie anders as vir doeleindes soos deur die wet toegelaat word nie, (soos afdeling 7027(m) van die California Consumer Privacy Act Regulations [Regulasies van die Kaliforniese Wet op Verbruikersprivaatheid], daarom bied ons nie die opsie om die gebruik daarvan te beperk nie. Ons profileer jou of ander persone ook nie op enige wyse wat betekenisvolle wetlike of soortgelyke effekte sou hê nie, daarom bied ons nie 'n uittree-opsie nie.

- *Teenkanting/Beperking van Verwerking* - die reg om die verwerking van jou Persoonlike Inligting onder sekere omstandighede teen te staan of ons verwerking daarvan te beperk.
- *Terugtrekking van Toestemming* - Die reg om jou toestemming terug te trek waar ons op jou toestemming staatmaak om jou Persoonlike Inligting te verwerk. Jy mag ook die reg bekom om inligting in te win rakende die moontlikheid om toestemming te weier en die gevolge van sodanige weiering.
- *Geoutomatiseerde Besluitneming* - Die reg om te weet wanneer jy aan geoutomatiseerde besluitneming onderwerp word, die Persoonlike Inligting wat gebruik word om die besluit te neem, die vernaamste faktore en raamwerke wat by die besluit betrokke is, en die menslike hersiening of regstelling van die besluit (of die onderliggende data waar toepaslik). Jy mag ook die reg hê om toe te stem of uit te tree vanuit hierdie outomatiese besluitneming, afhangende van jou ligging.
- *Klagte-indiening* - Die reg om 'n klag by 'n toesighoudende owerheid of ander regulatoriese agentskap in te dien as jy van mening is dat ons enige van die regte wat aan jou toegestaan het onder die toepaslike databeskermingswette oortree het. Ons moedig jou aan om ons eers te kontak sodat ons 'n geleentheid kan hê om jou kwessies direk aan te spreek voordat jy 'n klagte indien.

Behalwe waar dit hierbo anders aangemeld word kan jy aan ons 'n e-pos stuur na privacy@suvoda.com om enige van die privaatheidsregte wat aan jou toegestaan is onder die toepaslike databeskermingswette uit te oefen. Neem asseblief kennis dat, waar van toepassing, ons jou mag verwys om die Borg van die toepaslike Studie te kontak ten einde jou regte uit te oefen.

Daar sal geensins teen jou gediskrimineer word omdat jy jou regte wat in hierdie Kennisgewing gelys word uitoefen nie. As jy egter jou toestemming terugtrek of die verwerking van jou Persoonlike Inligting teenstaan, of as jy kies om nie sekere Persoonlike Inligting te verskaf nie, mag dit dalk vir ons onmoontlik wees om sekere of al ons Dienste aan jou te lewer.

Slegs jyself of 'n gemagtigde verteenwoordiger wie jy gemagtig het om namens jou op te tree mag 'n versoek rakende jou Persoonlike Inligting rig. Jy mag ook 'n versoek namens jou minderjarige kind rig. Ons moet jou identiteit verifieer voordat ons enige versoeke uitvoer, en as ons nie jou identiteit kan verifieer nie, mag ons addisionele inligting van jou aanvra. As jy 'n gemagtigde verteenwoordiger is wat 'n versoek namens 'n ander persoon rig sal ons ook jou identiteit moet verifieer wat as bewys van jou geskrewe magtiging al dien, of 'n bewys van volmag mag vereis word. Ons streef daarna om binne die tydperk deur wetgewing voorgeskryf op versoeke te reageer.

Ons hef geen fooie om jou versoeke te verwerk of daarop te reageer nie, tensy dit buitensporig of herhalend is. As ons voel dat 'n versoek 'n fooi regverdig sal ons jou inlig waarom ons so besluit het, en 'n kosteberaming aan jou stuur voordat ons die versoek afhandel. Ons mag sekere versoeke afwys, of slegs gedeeltelik vervul, soos deur die wet toegelaat of vereis. As jy nie tevrede is met die oplossing van jou versoek nie het jy die reg om appèl teen so 'n besluit aan te teken en ons sal jou omtrent die appèlproses inlig in ons reaksie op jou versoek.

### Kinders se Privaatheid

Ons vra of samel nie wetende enige Persoonlike Inligting van kinders, soos gedefinieer onder toepaslike wetgewing, sonder geskrewe ouerlike toestemming in nie. As ons uitvind dat ons Persoonlike Inligting van 'n kind sonder sodanige toestemming ingesamel het sal ons sonder versuim stappe neem om daardie inligting uit te vee.

### Persone in die Europese Unie, die Europese Ekonomiese Gemeenskap, Switserland, Brasilië en die Verenigde Koninkryk

Hierdie afdeling bied addisionele inligting omtrent Suvoda se verwerking van die Persoonlike Inligting van persone wat in die Europese Unie ("EU"), die Europese Ekonomiese Gemeenskap ("EEG"), Switserland, Brasilië en die Verenigde Koninkryk ("VK") geleë is, kragtens die EU Databeskermingsregulasie, die LDPG, die VK se Databeskermingsregulasie en die Switserse Federale Databeskermingswet.

#### *Wetlike Basis vir Verwerking*

Ons wetlike basis vir die verwerking van Persoonlike Inligting hang af van die Persoonlike Inligting wat ter sprake is, en die konteks waarin ons dit verwerk. Waar Suvoda optree as kontroleerder verwerk ons jou Persoonlike Inligting: met jou toestemming; waar dit benodig word om 'n kontrak uit te voer; om aan ons wetlike verpligtinge te voldoen; waar die verwerking in ons wetlike belang is (insluitende die doeleindes soos wat dit in hierdie Kennisgewing uiteengesit is) en

waar sodanige belange nie deur jou regte en vryhede oortref word nie; waar dit nodig is om jou noodsaaklike belange of die van ’n ander natuurlike persoon te beskerm; en/of waar dit nodig is om ’n taak uit te voer wat in openbare belang is, of in die uitoefening van die amptelike gesag wat in Suvoda gevestig is.

*Spesiale Kategorie-data*

Suvoda samel slegs Spesiale Kategorie-data in waar ons ’n wetlike basis het om dit te doen, en wat in Artikel 9 van die Algemene Databeskermingsregulasie (“GDPR”) en Artikel 11 van die LGDP toegelaat word, insluitende waar dit nodig is om die Dienste te lewer. Ten einde die Dienste te lewer mag ons data insamel wat jou ras of etniese oorsprong of gesondheidstoestand aantoon, dit is in lyn met die dienste wat ons verskaf.

**Inwoners van Kalifornië**

Hierdie afdeling bied addisionele inligting rakende Suvoda se praktyke ingevolge die California Consumer Privacy Act [Kaliforniese wet op Verbruikersprivaatheid] van 2018 en sy implementerende regulasies, soos gewysig deur die California Privacy Rights Act (**“CCPA”**) [Kaliforniese wet op Privaatheidsregte] waar **“Persoonlike Inligting”** die definisie het wat in die CCPA uiteengesit word.

Raadpleeg asseblief die onderstaande tabel vir gedetailleerde inligting omtrent die kategorieë van Persoonlike Inligting wat ons van Kalifornië-inwoners ingesamel het, gedurende die twaalf maande tydperk voor die datum waarop hierdie Kennisgewing laas bygewerk is, en die kategorieë van derdepartye aan wie ons Persoonlike Inligting verkoop en gedeel het. Vir elke kategorie van Persoonlike Inligting wat in die tabel uiteengesit word, word die kategorieë van derdepartye aan wie ons dit vir ’n besigheids- of kommersiële doeleindes openbaar maak in die afdeling *Hoe Ons Persoonlike Inligting Openbaar Maak* hierbo uiteengesit.

| Persoonlike Inligting kategorie uiteengesit in die Kaliforniese Siviele Kode § 1798.140 | Kategorieë van Derdepartye aan Wie Ons Persoonlike Inligting Verkoop of Deel |
|---|---|
| **Persoonlike Identifiseerders**, insluitende werklike naam, alias, posadres, unieke persoonlike identifiseerder, aanlynidentifiseerder, Internet Protokoladres, e-posadres of ander soortgelyke identifiseerders. | Derdeparty-diensverskaffers |
| **Persoonlike Inligting van Kaliforniese Klantrekords** (Kal. Siv. Kode § 1798.80(e)), insluitende naam, handtekening, fisieke eienskappe of beskrywing, adres, telefoonnommer, opvoeding, indiensneming, werksgeskiedenis, ens. | Derdeparty-diensverskaffers |
| **Eienskappe van beskermde klassifikasies** onder Kaliforniese of federale wette. Dit mag ouderdom, veteraanstatus, akkommodasie-inligting, geslagsidentifikasie, geslagsidentiteit en -uitdrukking, seksuele oriëntasie en godsdiens insluit. | Derdeparty-diensverskaffers |
| **Kommersiële inligting**, insluitende rekords van persoonlike eiendom, produkte of dienste wat aangekoop is, verkry of oorweeg is, of ander aankoop- of verbruikgeskiedenisse of -tendense. | Derdeparty-diensverskaffers |
| **Inligting omtrent Internet- en ander elektroniese netwerkaktiwiteit**, insluitende maar nie beperk tot blaaiergeskiedenis, soekgeskiedenis en inligting omtrent individuele interaksies met ’n internet-webwerf, -toepassing of –advertensie nie. | Derdeparty-diensverskaffers |
| **Geoliggingsdata**, soos jou IP-adres. | Derdeparty-diensverskaffers |
| **Sensoriese data** insluitende ouditiewe, elektroniese, visuele, termiese, olfaktoriese of soortgelyke inligting. | Ons verkoop of deel nie hierdie kategorie van Persoonlike Inligting nie. |
| **Professionele of indiensneming-verwante inligting.** | Ons verkoop of deel nie hierdie kategorie van Persoonlike Inligting nie. |
| **Nie-publieke opvoedingsinligting** soos gedefinieer in die Family Educational Rights and Privacy Act [Wet op die gesin se opvoedkundige regte en privaatheid] (20 U.S.C§ 1232g; 34 C.F.R. Part 99) | Ons verkoop of deel nie hierdie kategorie van Persoonlike Inligting nie. |
| **Afleidings wat gemaak is as gevolg van enige van die inligting soos** | Ons verkoop of deel nie hierdie kategorie van Persoonlike Inligting nie. |

| | |
|---|---|
| **hierbo geïdentifiseer, om 'n profiel van jou te skep** wat jou voorkeure, eienskappe, psigologiese tendense, ontvanklikheid, gedrag, houdings, intelligensie, vermoëns en bekwaamhede weerspieël. | |
| **Sensitiewe Persoonlike Inligting soos uiteengesit in Kaliforniese Siviele Kode § 1798.140**, insluitende sosiale sekerheidsnommer, bestuurderslisensienommer, staatsidentifikasiekaart, of paspoortnommer; burgerskap- of immigrasie-inligting; ras of etniese oorsprong; rekeningstoegangsbewyse (soos gebruikersname of rekeningnommers tesame met 'n wagwoord of 'n ander sekerheids-/toegangskode vir toegang tot 'n rekening); presiese geoligging; genetiese data, persoonlike inligting omtrent gesondheid wat ingesamel en ontleed is. | Derdeparty-diensverskaffers |

### LGPD

Vir LGPD-doeleindes, bo en behalwe die privaatheidsregte wat hierbo beskryf word mag dataonderwerpe ook (i) bevestiging van die verwerking vra; (ii) versoek dat data wat as onnodig, oordadig, of na mening nie voldoen aan die databeskermingsregulasies nie, geanonimiseer, geblok of uitgevee word; (iii) oordraagbaarheid van Persoonlike Inligting versoek waar dit van toepassing is; (iv) versoek dat Persoonlike Inligting wat met die dataonderwerp se toestemming verwerk is, uitgevee word, behalwe in gevalle van regsuitsonderings; (v) inligting omtrent privaat- en publieke entiteite met wie die kontroleerder data gedeel het, versoek; (vi) inligting rakende die gevolge van weiering van toestemming wat aangevra is; en (vii) 'n klagte by die Brasiliaanse Databeskermingsowerheid ("ANDP") indien.

Alle versoeke om die regte van dataonderwerpe uit te oefen sal ondersoek word en indien nie daaraan voldoen kan word nie sal 'n behoorlike regverdiging daarvoor aangebied word.

Om regte in Brasilië uit te oefen, kontak asseblief die plaaslike databeskertmingsbeampte, MKR Consultoria LTDA, suvoda.dpo@mkr.com.br.

### Wysigings aan hierdie Kennisgewing

Neem asseblief kennis dat ons hierdie Kennisgewing van tyd tot tyd mag wysig of bywerk - hersien dit dus periodiek. Indien ons wesenlike veranderinge aanbring aan die wyse waarop ons Persoonlike Inligting hanteer sal ons jou in kennis stel in ooreenstemming met toepaslike wetgewing. Tensy dit anders aangedui word sal enige wysigings aan hierdie Kennisgewing onmiddellik van toepassing wees sodra ons dit op ons webwerf https://www.suvoda.com/suvoda-privacy-policy-and-terms-of-use plaas. Jy is daarvoor verantwoordelik om die Platform van tyd tot tyd te besoek en te kyk of daar enige wysigings is.

### Kontak Ons

Indien jy enige vrae oor ons praktyke of hierdie Kennisgewing het, kontak ons asseblief by privacy@suvoda.com.